Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2014

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

*AFRHL3*

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

   | | | | |
   |---|---|---|---|
   | AFDELING A: | Opstel | | (50) |
   | AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (25 x 2) | (50) |

   Jy word sterk aanbeveel om 80 minute aan AFDELING A en 70 minute aan AFDELING B te bestee.

2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A.

3. Beantwoord TWEE vrae uit AFDELING B.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ŉ streep deur die beplanning as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Voorsien elke skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif.

   **LET WEL**: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf ŉ OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 Dié risiko was die moeite werd. **[50]**

**OF**

1.2 Moet Afrikaanssprekende ouers hul kinders in Engels grootmaak? **[50]**

**OF**

1.3 My vrese vir die lewe ná skool. **[50]**

**OF**

1.4 Dít sal ek van my skoolloopbaan onthou. **[50]**

**OF**

1.5 Sprei jou vlerke. **[50]**

**OF**

1.6 1.6.1



[Bron: Internet] **[50]**

**OF**

1.6.2



[Bron: www.dreamstime.com] **[50]**

**OF**

1.6.3



[Bron: Internet] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf skryfstukke van 180–200 woorde elk.

2.1 **BEDANKINGSBRIEF**

Jy staan aan die einde van jou skoolloopbaan en kyk terug na die dinge wat jou ouers vir jou oor die jare gedoen het.

Skryf ŉ BEDANKINGSBRIEF aan hulle vir die opoffering oor die afgelope jare. **[25]**

**OF**

2.2 **FORMELE VERSLAG**

Jy en jou vriende het ŉ plaaslike kultuurfees bygewoon. Op pad terug huis toe was jy ooggetuie van ŉ grusame motorongeluk.

Skryf ŉ FORMELE VERSLAG vir die plaaslike polisie van dié gebeure. **[25]**

**OF**

2.3 **HULDEBLYK**

Die redakteur van julle skoolkoerant het jou, as bekende oudleerder van jou skool, gevra om ŉ huldeblyk te skryf oor die skoolhoof wat na 30 jaar uit die onderwys tree.

Skryf die HULDEBLYK oor die skoolhoof wat jy gaan lewer. **[25]**

**OF**

2.4 **BRIEF AAN DIE PERS**

Jou skool is in ŉ koerantberig gekritiseer oor ŉ voorval wat na bewering op die skoolterrein plaasgevind het.

Skryf ŉ brief aan jul plaaslike koerant om aan die koerantlesers die ware toedrag van sake te verduidelik of om jou skool se kant van die saak aan die leserspubliek te stel. **[25]**

**OF**

2.5 **KOERANTBERIG**

Bestudeer die volgende koerantopskrifte en skryf ʼn KOERANTBERIG oor EEN van hierdie opskrifte.

***Paarlse tieners vandag begrawe na busongeluk***

**Hordes ruk op na fees**

**Wonderlike matriek uit siellose plakkerskrotte**

**Wêreldberoemde sportheld kom tot ʼn val** **[25]**

**OF**

2.6 **ONDERHOUD**

Een van jou klasmaats is ʼn finalis vir "Matrikulant van die Jaar" vir *JIP*. Jy nader hom/haar vir ʼn onderhoud vir die skoolkoerant.

Skryf die onderhoud neer. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**